
RM 5:9-11 : GEREGER- DIGES ROEM IN GOD

E207

Rm 5:9-11 : Aangesien ons nou vrygesprek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word. Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Paulus het die leer van die regverdiging deur die geloof alleen in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit. In hoofstukke 5-8 wy hy baie aandag daaraan om dit onuitwisbaar by sy lesers tuis te bring dat diegene wat eenmaal waarlik geregverdig is, die onwankelbare sekuriteit het dat die Here hulle nooit sal verwerp nie en dat niks, maar niks in hierdie lewe hulle van Sy liefde sal kan skei nie. God los nie Sy werk halfpad nie; waarmee Hy begin het, maak Hy klaar!

Hier in h.5 begin die apostel om die implikasies van regverdiging uiteen te sit. Diegene wat deur 'n ware geloof met Christus verenig is, en dus geregverdig is, is nie meer onder God se toorn nie, maar is met Hom versoen. Hulle leef in die sfeer van Sy genade. En hulle roem in die hoop op die heerlikmaking.

Dit beteken egter nie dat ons lewe hier en nou 'n bed van maanskyn en rose is nie. Nee, daar is nog baie swaarkry - juis omdat ons Christene is. Maar ons moenie dink dit trek 'n streep deur ons regverdiging nie; intendeel, dit bekragtig dit juis. Ons is immers nou vreemdelinge en bywoners hier op aarde. Dit bevestig dus juis dat ons aan Christus verbonde

is. En wat meer is, die Here gebruik dit wonderlik in ons heiligmaking. En, soos v.3-4 sê, en ons dit uitgewerk het, by uitstek laat dit ons hoop toeneem - daardie vooruitgerigte en afwagende geloof wat ons voortstu om enduit te volhard.

Hoe weet ons hierdie hoop is nie net 'n naïewe lugspieëling nie? God se liefde is ons waarborg! En hoe weet ons Hy het ons lief? Op twee maniere. Eerstens en subjektief, verseker die Heilige Gees ons in ons harte dat God ons liefhet. Tweedens en objektief, word God se liefde vir ons onmiskenbaar geïllustreer en bewys in Christus se aflegging van Sy lewe vir ons. En, beklemtoon die apostel, dit het gebeur toe ons nog sondaars was. Daar was dus niks in ons wat die Here genoep het om so na ons toe af te buig nie.

So ver het ons laas keer gekom. Nou kyk ons vinnig na die laaste 3 verse van hierdie paragraaf.

Dit staan soveel vaster

In v.9-10 voltooi Paulus eintlik sy argument wat hy in v.6 begin het. Dit kom hierop neer: *aangesien Christus Sy lewe vir ons afgelê het toe ons nog magtelose, goddelose, vyandiggesinde sondaars was - en Hy daarmee onontkombaar duidelik getoon het hoe lief God ons het - staan dit soveel vaster dat God ons redding uiteindelik tot volmaakte afronding sal voer.*

Let op die uitdrukking wat twee keer gebruik word: "staan dit soveel vaster". Die OAV praat van: "veel meer". Paulus gebruik hier waterdigte logika. Hy redeneer vanaf die kleinere na die grotere. As die kleinere waar is, is die grotere des te meer waar. Dis logies - só logies dat enigeen dit kan sien. *As God, toe ons nog verwerplik voor Hom was, Sy Seun gegee het om ten duurste die regsbasis van ons verlossing in plek te plaas, hoeveel te meer sal Hy nie nou, nou dat ons reeds op grond daarvan herskep en voorwerpe van Sy vreugde is, klaar maak wat*

Hy begin het en ons verlossing vervolmaak nie?

Wat Paulus dus sê, is dat die onveranderlike, alwetende en almagtige God van hemel en aarde die werk wat Hy begin - 'n begin wat Hom die heel beste en dierbaarste wat Hy gehad het, gekos het - dan is dit mos ondenkbaar dat Hy halfpad sal vasdraai, of belangstelling verloor, en tou opgooi.

Hierdie argument geld selfs vir ons as onbetroubare en onstabiele mense. 'n Illustrasie kan help om dit te sien: Die regering kondig aan dat hulle 'n enorme dam vir miljarde in ons grootste rivier gaan bou. Jare se voorbereidingsbeplanning en ontwerp is gedoen. Dermiljoene word gespandeer om duisende hektaar duur landbougrond uit te koop, om paaie aan te lê, om 'n reuse konstruksiedorp en ander infrastruktuur te bou. Mense en nogmaals mense word soontoe getrek, groot installasies word opgerig, kofferdamme word gebou en fondasies gegrawe. Dan, na jare se werk, as 15% van die beton geplaas is, besluit die owerheid dat daar belangriker prioriteite is en die werk word sonder meer gestaak. Wat sal ons dink van só 'n regering? Vir seker gaan hulle nie die volgende verkiesing oorleef nie, aangesien die volk sal besef dat hulle nooit vir 'n onverantwoordelike klomp dwase kan stem nie.

Is God se "projek" - wat steeds onderweg is - nie onuitspreeklik groter, grootser en duurder nie? Sal die Een wat onveranderlik en algeheel betroubaar is, wat die toekoms so goed ken soos die verlede, en wat in Sy almag nooit radeloos voor onoorkombare struikelblokke tot stilstand kom nie, Sy verlossingsplan halfpad los? Kan 'n gedagte meer onsinnig, meer Godslasterlik wees as dit?

Nee, as God reeds in Sy boeke, met die onuitwisbare ink van Christus se bloed, die inskrywing gemaak het dat ek die status het van 'n man wat nooit gesondig het nie (omdat die strafdraende Plaasvervanger my skuld ten volle betaal het) en wat Sy wet volmaak onderhou het (omdat die volmaakte Middelaar se gehoorsaamheid aan my gekrediteer is) - dan

staan dit vaster as die berge dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat my verlossing finaal vervolmaak sal wees.

Ons uiteindelige redding

As die Nuwe Testament oor ons redding in Christus praat, gebruik dit soms die verlede tyd ("ons is gered") (bv. Rm 8:24; Lk 7:50; Ef 2:5, 8), soms die teenwoordige tyd ("ons word gered") (1Kor 1:18; 2Kor 2:15), en soms die toekomstige tyd ("ons sal gered word") (Rm 13:11; 1Pt 1:5). Dis omdat ons redding 'n proses is, wat wel begin het, maar nog nie voltooi is nie. Hier (9, 10) word oor toekomstige redding gepraat.

Waarheen is God met ons op pad? Wat sal ons uiteindelige redding behels? Waaroor gaan dit?

Paulus gebruik twee uitdrukkings, die eerste negatief, die tweede positief. Ons sal gered word van God se straf (9), oftewel van God se toorn (OAV). En ons sal deur die lewe van Sy Seun gered word (10).

Ons sal gered word van God se toorn (9).

As Paulus die leerstuk oor regverdiging begin, vertrek hy vanuit die mens se mees fundamentele probleem, naamlik dat hy onder God se toorn verkeer (1:18). In 'n sin is ons natuurlik reeds daarvan verlos, aangesien Christus reeds God se toorn as ons strafdraende Plaasvervanger gedra en bevredig het (3:25). Waarop hy egter hier sinspeel, is dat daar aan die einde van die geskiedenis 'n dag van afrekening kom, die oordeelsdag, die dag waarop God Sy toorn sal uitgiet op almal wat Christus verwerp het (2:5, 8).

Hoewel ons almal voor die Here se regterstoel sal verskyn om geoordeel te word, sal dit nie vir ons 'n dag van toorn en verskrikking wees nie, maar 'n dag van loon, triomf en blydschap.

Ons sal deur die lewe van Sy Seun gered word (10).

Afhangende van hoe 'n mens die voorsetsel: "deur" (Gr. *en*) (die lewe van Sy Seun) verstaan, kan hierdie positiewe aspek van ons redding op twee maniere verstaan word. Beide is Bybels, beide is hier geldig, en miskien moet ons aan beide vashou.

- *Die eerste moontlike vertaling van die voorsetsel: "deur".* Kennelik word nie hier gepraat van die Here Jesus se lewe op aarde in Sy staat van vernedering nie. Dit gaan oor Sy opstandingslewe in heerlijkheid by Sy Vader. As ons Afrikaanse vertalings die regte keuse gemaak het deur die voorsetsel met "deur" te vertaal, word gesinspeel op Christus se voortgaande middelaarswerk.

Met betrekking tot ons redding het die Nuwe Testament in hierdie verband 'n sterk beklemtoning: as Jesus as Hoëpriester Homself geoffer het aan die kruis ter wille van ons redding, gaan Hy na Sy opstanding as ons Hoëpriester voort om deur Sy voorspraak by die Vader ons redding tot vervolmaking te voer. So stel die Hebreërskrywer dit: "... maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." (7:24-25, OAV).

Hierdie verse kan inderdaad op twee maniere vertaal word, soos die NAV en NIV voetnota toon, maar die OAV en NIV se vertalingskeuse pas waarskynlik beter in die konteks. Daar sit beweging in die Grieks: Hy red diegene wat deur Hom na God gaan - *in volkomenheid in*. En Hy doen dit as Priester wat vir altyd leef om vir hulle by God in te tree.

- *Die tweede moontlike vertaling van die voorsetsel: "in".* Dan sinspeel Paulus op ons lewenseenheid met Christus, op die feit dat ons in Christus is. En dan stel hy reeds hier die sentrale tema van 5:12-21 aan die orde.

Oor en oor beklemtoon die Nuwe Testament, veral Paulus, dat ons lewenseenheid met Christus die fundamentele beginsel van ons

redding is. Daarom is die feit dat Hy verheerlik opgestaan het en vir ewig lewe, die waarborg dat ook ek - in my eenheid met Hom - verheerlik sal opstaan en vir ewig sal lewe. Dit kan nie anders nie; dit móét. Voordat elkeen wat deur die geloof met Hom verenig is (alle geregverdigdes dus) nie opgestaan het nie, het Hy nog nie die oorwinning volkome behaal nie. Dan is Sy liggaam, Sy gemeente, ten minste nog gedeeltelik in die dood!

In Jh 6:38-39 sê die Here Jesus: "Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan" (vgl. ook 40, 44, 54). Ondenkbare is dit dat Christus hierin sal misluk! Ondenkbare dat Hy nie daarin sal slaag om ons "deur te trek" na waar Hy is nie! Ons is dan Sy liggaam, onlosmaaklik aan Hom verbode. Rm 8:30: "... en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (OAV).

Vers 11 : die laaste woord oor die implikasies van ons regverdiging

Baie mense mag dink dat Paulus tot en met v. 10 alles gesê het wat daar oor die implikasies van ons regverdiging te sê is. Maar, nee, daar is 'n kwalifikasie wat hy móét byvoeg. "Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus ...". Eers dan knoop hy die sakkie toe - met presies dieselfde gedagte as waarmee hy begin het: ons het vrede met God; ons is versoen met God.

Wat wil die apostel met sy kwalifikasie sê? Ten minste twee dinge, eintlik drie:

- Die vrug van regverdiging word nie net eendag gesmaak nie; *nou reeds* is ons harte tot barstens toe vol blydschap en verwondering en trots in die Here. Ons "roem" (OAV) nie net in

ons hoop en ons sekere verlossing in die toekoms nie; reeds nou roem ons in die God van ons verlossing.

- Dit gaan nie net oor my verlossing nie, eintlik gaan dit *oor God* en Sy eer. As ek aan my redding dink, laat dit my in Hom roem. Iemand wat werklik verstaan wat regverdiging deur die geloof alles behels, kan nie anders as om Godgesentreerd te wees nie.

- En dan, les bes, al het hy dit al oor en oor gesê, kan hy homself nie help om dit wêér te sê nie: ons regverdiging, ons redding, ons versoening is volkome begrond *in ons Here Jesus Christus se werk*. As daar ooit 'n Christosentriese man was, was dit die apostel Paulus. In hierdie 11 verse noem hy die naam van Jesus Christus 9 keer!

- Dis belangrik om raak te sien dat die roem in God nie 'n bevel is nie. Vir diegene wat in Christus geregverdig is, is dit 'n noodwendige uitvloeisel van hulle redding. So was dit nog altyd. Die Psalms is byvoorbeeld vol uitroepe van lof en vreugde in die Here.

Tog - soos dit altyd gaan - beteken dit nie dat ons nie 'n verantwoordelikheid in hierdie verband het nie; inteendeel. Die vraag wat ons dus aan onself moet vra, is of ons inderdaad in God roem - in die Vader van ons Here Jesus Christus. Is Hy die middelpunt van alles wat vir my belangrik is? Is Hy die hart van my oortuigings? Is my blydschap en lewenssin in Hom? Is die lewe sonder 'n liefdesverhouding met Hom vir my totaal ondenkbaar?

Enkele praktiese riglyne om in die here te roem

1. Ons moet sorg dat ons die Bybelse openbaring oor regverdiging deur die geloof alleen nie net goed verstaan nie, maar ook al hoe meer daaruit en daarvolgens leef.

Dit moet aan die hart lê van ons Christenskap. En laat ons onthou, vir geen ware Christen word dit ooit ou nuus nie. Jy grawe steeds dieper; jy verlustig jou steeds meer daarin.

- Vir iemand vir wie hierdie wonderlike waarheid begin oopbreek, is dit ondenkbaar - en onhoudbaar - dat soveel kansels dit so skreiend afskeep, en dat soveel getroue kerkmense geen snars daarvan verstaan nie. Jy wil dit in dorp na dorp van die dakke af verkondig! Die geskiedenis is vol voorbeelde van mense wie se lewens totaal omgedop is nadat hulle hierdie evangelie begryp het. Bekendste hiervan is seker die geval van Martin Luther. Toe hy eers die boodskap van Romeine verstaan het, kon niks sy vreeslose en onvermoeide ywer demp om dit regoor Europa bekend te maak nie. En inderdaad het sy lewe een van dié wendingspunte van die geskiedenis geword.

2. Vra jousef weer en weer af of jy jou rug eens en vir altyd gedraai het op eie-verdienste in jou verhouding met die Here.

Die van ons wat verstaan waaroor dit gaan, sal goed weet hoe moeilik dit is om van die neiging ontslae te raak om jou redding-sekuriteit in jou godsdienstige prestasies te probeer vind. Soos Martyn Lloyd-Jones sê, jy stoot hom by die voordeur uit, maar voor jy jou oë uitvee, glip hy weer by die agterdeur in. Mag Paulus se aanklag in Gl 3:3 nooit van ons geld nie: "Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?"

3. Leer die kuns en balans bemeester om gereeld weer na die donker dieptes van jou eie hart te kyk, én om voortdurend jou oë op Christus vas te nael.

As ek net na my eie hart kyk, raak ek morbied, moedeloos en selfgesentreerd. En dis die teendeel van geloof. Daarenteen, as ek die skrikwekkende realiteit van my oorblywende sonde ignoreer, raak my Christenskap

oppervlakkig, ligsinnig en kunsmatig. En die wonder van regverdiging deur die geloof alleen sal vir my vervaag. Christus se middelaarskap sal algaande vir my bloot van akademiese belang raak.

Hier is dus 'n sensitiewe balans wat ek moet bemeester.

- Hierdie twee dinge - die pynlike bewussyn van my oorblywende sonde, enersyds, en die wonder van regverdiging in Christus, andersyds - is onderling afhanklik. Tot die mate wat ek die verdorwenheid wat nog in my teenwoordig is, verstaan en beleef, tot daardie mate sal Jesus Christus en my regverdiging in Hom vir my kosbaar en lewensbelangrik wees. Omgekeerd, tot die mate wat ek vreugde het in my volkome verlossing in Christus, tot daardie mate sal dit vir my 'n hartstog wees om Hom te behaag en te verheerlik met 'n heilige lewe van toewyding, en tot daardie mate sal my stryd teen my vlees verintensifeer.

4. As 'n geregverdigde het ek geen verskonings vir moedeloosheid, uitsigloosheid, vrees vir die toekoms en angs oor my ewige bestemming nie.

Dit is so dat die Here Jesus gesê het dat die treurendes salig is. Christene loop dus nie noodwendig heeldag met breë glimlagte rond nie. Miskien huil hulle meer as ander mense - juis omdat hulle Christene is. Dis onvermydelik dat ons treur oor eie gebrokenheid en mislukkings in ons navolging van die Here. Noodwendig treur ons oor die sonde en swaarkry van die wêreld om ons. En ons kan nie anders as om te treur oor die Here se eer wat so vertrap word nie. *Maar oor die vastigheid van ons verhouding met God en ons ewige toekoms, het ons geen rede om gekweld te wees nie.* Daarvoor is God se beloftes en die wonder van regverdiging net te duidelik.

- Nou mag iemand sê: Goed, die logika

daarvan is onontkombaar. Maar tog raak ek beangs as ek aan God dink en aan my verskyning eendag voor Hom. Hiervoor kan 3 dinge verantwoordelik wees: een, jy het nog nie ware geloof en is dus nog nie geregverdig nie; of, twee, jy is nog onkundig oor die wonderde van regverdiging; of, drie, jy is kleingelowig. Die antwoord vir jou gekweldheid is dus eenvoudig. Kyk goed na jouself, diagnoseer jouself - en stel jou probleem dan reg.

Kom jy kennis kort? Kry dit!

Is jy kleingelowig? Bekeer jou van die sonde! Bid dat die Here deur Sy Heilige Gees jou sal help. En lees God se Woord oor Sy verlossing in Christus - want so skep die Gees geloof in ons.

Het jy nog nie tot ware geloof gekom nie? Wel, glo dan in Jesus Christus! Ons het mos Sy uitdruklike belofte: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie" (Jh 6:37). In die Grieks is daar 'n dubbele negatief: Ek sal hom nooit, maar nóóit, verwerp nie! Erken en bely opreg jou sondeverdorwenheid. Vlug vir jou sonde. Werp jou met alles wat jy is en het, vir tyd en ewigheid, vir lewe en dood, op God se beloftes in Christus. Skuil elke dag en heeldag in Hom as jou Plaasvanger voor God se troon. Bid weer en weer dat die Here jou in hierdie dinge sal laat groei. *Dan het jy alle rede om te glo dat jy ware geloof het, en dat jy geregverdig is, en dat die Hére jou enduit sal deurdra!*

Is dit te veel gevra? Wat weerhou mense daarvan? Onkunde (maar jy weet mos nou). Ongeloof. Weerbarstigheid. Trots. Selfsug. Onwilligheid om boesemsondes te los. Liefde vir hierdie wêreld. Dan is daar nog mense wat nie weet van watter sondes hulle hul moet bekeer nie!

Maar vir diegene wat eerlik en nederig bereid is om hulle verdorwenheid te erken, boedel oor te gee, en Jesus Christus te omhels, is vrede met God en toerekening met Christus se geregtigheid net om die draai. Onthou dit altyd: Sondaars word geregverdig op grond van Sy genade alleen (3:24). *Sola gratia!* Sondaars word geregverdig deur die geloof alleen (3:28, OAV).

Sola fide! Sondaars word geregverdig op grond van Christus se bloed alleen (5:9, NAV & OAV). *Solus Christus!*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500;

E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za ; T: 012-808 3906